# Hoofstuk 2.4

# “SWAARD VAN DAMOKLES” *: VAN DER HORST-KOMMISSIE

(* “Altoos dreigende gevaar, te midde van geluk” – Nasionale Woordeboek 1985)



**“Die Potchefstroomse Uniwersiteitskollege is volgens sy konstitusie onder die vaste beheer van die outoriteite van ‘n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 persent van die Europese bevolking van die Unie uitmaak ... In sy wese is dit ‘n inrigting wat vir een van die minderhede van die gemeenskap bedoel is. Potchefstroom het geen laboratoriumfasiliteite om van te praat nie; sy biblioteek is erg onvoldoende in baie rigtings; en die kollege word in ‘n reeks van ou sinkgeboue gehuisves ... die studente moet weens hulle klein getalle en die gebrek aan verskeidenheid van doel en uitkyk onder hulle een van die belangrikste voordele van die uniwersitêre lewe ontbeer - naamlik onderlinge geesteswrywing.”**

**- Kommissieverslag UG 33-1928 par 58**

## 2.4.1 Aanstelling van Universiteitskommissie

Sedert Uniewording in 1910 was daar reeds drie regeringskommissies wat grondige ondersoek na hoër onderwys in die land ingestel het: die Thomson-kommissie (1910), die Laurence-kommissie (1914) en die Hofmeyr-kommissie (1924). Die doelstellings, plek en rol van universiteite was grondliggend aan hierdie maar ook aan ander verwante ondersoeke op provinsiale en nasionale vlak en tydens verskeie konferensies en samesprekinge. [1]

Die inisiatief vir die nuwe, omvattende ondersoek het egter van universiteitskant gekom. Tydens ‘n interuniversitêre konferensie in September 1926, te Pretoria, is ‘n versoek gerig dat die Minister van Onderwys ‘n kommissie benoem om die kwessie van terrein afbakening tussen universiteite en tegniese kolleges te ondersoek. Prof Ferdinand Postma was lid van die afvaardiging van die Universiteit van Suid-Afrika terwyl dr SFN Gie, pas aangestelde sekretaris van Onderwys, op uitnodiging aanwesig was.[2]

Die minister het die saak gunstig ontvang en het gevolglik so ‘n ondersoek gelas, ‘n ondersoek wat tegelykertyd ook ander verwante kwessies rakende die universiteitswese in Suid-Afrika van nader kon beskou. Die terrein van die ondersoek en die opdrag aan die kommissie is vooraf met die owerhede van die federale universiteit uitgeklaar. [3]

Die aanstelling van die regeringskommissie is op 14 April 1927 aangekondig,[4] met opdrag om ondersoek in te stel en aanbevelinge te doen oor die volgende sake:

- die afbakening van funksies tussen universiteite en tegniese kolleges;
- die moontlikheid en wenslikheid van samewerking tussen universiteite en tegniese kolleges, met die oog op meer doeltreffendheid en besuiniging;
- die moontlikheid en wenslikheid van meer koördinasie en samewerking tussen universiteite;
- die moontlikheid en wenslikheid om, ter wille van groter doeltreffenheid en uitskakeling van onnodige duplikasie, bepaalde vakke of kursusse tot bepaalde universiteite te beperk, en
- die moontlike hersiening van die basis van staatsteun aan universiteite en tegniese kolleges, met die oog op besuiniging en ander behoeftes op onderwysgebied.

‘n Bekende Kaapse sakeman, JGP van der Horst, is as voorsitter van die kommissie aangewys, met as ander lede die opkomende ekonoom en nyweraar HJ van der Bijl (voorsitter van die Elektrisiteitskommissie, luitenant-kolonel JH Dobson, mnr Charles Murray (eertydse sekretaris van Openbare Werke) en mnr DS van der Merwe (amptenaar van die departement van Onderwys) as sekretaris. As adviseurs sou dien dr PJ du Toit, direkteur van Veeartsenydienste te Onderstepoort en dr SFN Gie, Sekretaris van Onderwys.



***2.4.1***

***VOORSITTER VAN KOMMISSIE***

***JGP van der Horst word beskryf as “sakeman, ekonoom, kultuurstryder en politikus” en ook as “een van die mees vooraanstaande persone in die handelswêreld ... ‘n deskundige op die gebied van die ekonomie in Suid-Afrika”. Hy het sy regstudies aan die Victoria Kollege, Stellenbosch, voltooi. ‘n Onsuksesvolle NP-kandidaat in die 1924-verkiesing, het hy hierna onder meer diens gedoen as voorsitter van ‘n regeringskommissie oor spoorwegaangeleenthede. Hy was ook ‘n stigterslid van die Afrikaanse Taalvereniging, voorsitter van die Van Riebeeck Vereniging en vanaf 1918 tot 1950 lid van die Raad van Universiteit Stellenbosch, wat in 1926 ‘n eredoktorsgraad aan hom toegeken het. Universiteitskommissie in dié twee bronne vermeld word nie.)***



*2.4.2*

*SFN Gie*



*2.4.3*

*HJ van der Bijl*

As voorsitter van die Senaat van die Universiteit van Suid-Afrika was PUK-rektor Ferdinand Postma ook vanuit daardie hoek intens betrokke by die saak en het hy en ander kollegas van die federale inrigting by wyse van voorleggings en samesprekings verskeie insette gelewer, vir sover dit hierdie instansie se belange betref. [5]

In PUK-geledere moes die aanwys van die kommissie en die spesifieke opdragte ongetwyfeld gevaarligte laat flikker het, gesien die worstelstryd van die inrigting om te oorleef maar ook inagnemende die relatief onsimpatieke houding wat in die voorafgaande jare van regeringskant en veral van die departement van Onderwys, wat nou die ondersoek geloods het, ervaar is.

Ook moet in gedagte gehou word dat die minister, dr Malan, nie juis gediend was met die PUK se strewe en stryd in hierdie tyd om die gewetensklousule van die wetboek verwyder te kry nie. En sowel die voorsitter van die kommissie as dr van der Byl (oudstudent) en die twee adviseurs, drs SFN Gie (voormalige dosent) en PJ du Toit (oudstudent), het noue bande met Malan se heimat, die Universiteit van Stellenbosch gehad – ‘n dampkring waar die PUK se naam en faam nou nie juis hoog aangeskrewe was nie.

Daar kan ook min twyfel bestaan dat die “gevoel” van akademiese Stellenbosch jeens die PUK sy diepste wortels het in die kerkstryd wat sedert die totstandkoming van die Gereformeerde Kerk in 1859 gevoer is. Die “Doppers” en veral hul geestelike vader, prof Dirk Postma, was geensins “persona grata” by lede en veral leiers van die ander kerkgenootskappe nie, veral nie vanweë die implisiete en by tye openlike aanspraak van die Gereformeerde Kerk dat hy alleen die draer van die suiwer gereformeerde leer van die voorvaders was. Die feit dat die PUK die maaksel is van, en uit die boesem van die Teologiese Skool as opleidingsentrum van Gereformeerde predikante gegroei het, het onvermydelik die PUK binne die dampkring van hierdie kerkstryd geplaas. Die onbeskaamde erkenning van die PUK se verbondenheid aan die Teologiese Skool en die soms uiterlike waarneming of gewaande waarneming van nepotisme, vir sover dit lidmate van die Gereformeerde Kerk se posisies aan die PUK betref, het beslis nie daartoe bygedra om verhoudinge te normaliseer nie. Daarby kom nog dat ‘n leidende persoonlikheid in NG-kringe maar ook op akademiese en politieke gebied, dr DF Malan, met sy “Utrechts-etiese” agtergrond en opleiding nie juis aanklank kon vind by wat bestempel is as die Kuyperiaanse oriëntasie van die Potchefstroomse akademici nie.

Daar kan geen twyfel wees nie: die skaal was swáár gelaai, téén die PUK …

## 2.4.2 Negatiewe seine

Nadat die departement van Onderwys se omsendbrief insake die kommissie reeds in Februarie 1927 ontvang is, het die PUK sy masjinerie gerat vir deelname aan die ondersoek. Die Raad het vir rektor Postma en die Senaat vir proff CJH de Wet, SPE Boshoff en JH van Heerden aangewys om getuienis voor die kommissie af te lê. In Mei het die betrokkenes vergader om ‘n omsendskrywe en vraelys van die kommissie te behandel en op 15 Junie het die Senaat aspekte van die ondersoek ter tafel gehad. Tydens die byeenkoms is ook proff van Wageningen en Coetzee en lektor LJ du Plessis op die interne kommissie gekoöpteer. [6] Die sieninge van die akademiese personeelkorps van die universiteit is in ‘n memorandum van vyf bladsye aan die kommissie deurgegee. [7]

Op die PUK-kampus is voorbereidings getref vir die ontvangs van individuele kommissielede. Die sekretaris van die kommissie, DS van der Merwe, het laat weet dat hy en dr PJ du Toit, adviserende lid, op 30 Augustus in Potchefstroom sou wees “om u laboratoriums ‘n weinig te besoek”. Ander kommisielede het op 9 September ter plaatse kom ondersoek instel, die terrein en geboue besigtig en die benoemde deputate van die PUK ondervra. [8]

En toe gebeur dit.

Enkele dae na die besoek van dr du Toit en mnr van der Merwe en drie dae voor die koms van die res van die kommissie verskyn daar ‘n kort beriggie in die Johannesburgse *Rand Daily Mail* met die strekking dat die Van der Horst-kommissie van voorneme is om die PUK en die Wellingtonse Opleidingskollege te laat sluit.

Van PUK-kant is onmiddellik kapsie gemaak en die kommissie het dadelik gereageer. In ‘n nota aan die nuusagentskap Reuter is verklaar dat die verslag oor die kommissie se byeenkoms nie gemagtig was nie, dat dit foutief is ten opsigte van materiële feite en, in die besonder, dat die kwessie van die tot niet maak van die kolleges van Potchefstroom en Wellington nie ter tafel was nie. [9] Tydens die besoek van die kommissie aan die PUK op 9 September sou die amptelike ontkenning ongetwyfeld met persoonlike verskonings gepaard gegaan het.

Maar die koeël was deur die kerk; die negatiewe seine het ver getrek. Vanuit Londen, waar hy besig was om aan te sterk ná ‘n senu-ineenstorting, het die pasbenoemde nuwe registrateur van die PUK, prof JC (Joon) van Rooy, ook hiervan kennis geneem en ewe droogweg kommentaar gelewer: “Arme Wellington se nooiens en arme Doppers!” [10]

Van PUK-kant is alles moontlik gedoen om die negatiewe effek van die onvleiende berig hok te slaan. Kopieë van die kommissie se ontkenningsbrief is vir plasing aan *Die Kerkblad*, *Ons Vaderland*, *Die Burger*, *Die Volksblad*, *Die Weste* en *Die Westelike Stem* uitgestuur. Met instemming van die Raad is skrywes oor die saak ook aan mnr van der Horst asook aan ds ML Fick, volksraadslid, gestuur. [11]

In die brief aan die kommissie word waardering betuig vir hul amptelike ontkenning van die *Mail*-berig, maar ag die Raad dit noodsaaklik om aan te toon “dat dieselfde teenstand teen die P.U.K. openbaar geword het destyds by die inlywing in 1921, so selfs dat die Kollege die eerste tyd hom met ‘n verminderde bydrae moes tevrede stel”. Hierdie “agteruitsetting” (die woord “beboeting” is deurgehaal) het gelukkig opgehou, maar berigte soos hierdie kan, sonder om juis “opheffing” te beoog, ander negatiewe effekte hê.

As voorbeeld word genoem dat dalk verwag sal word dat die PUK nie natuurwetenskaplike vakke moet doseer nie, maar in ‘n letterkundig-filosofiese rigting behoort te spesialiseer. Dit kan nie: dis noodsaaklik dat die natuurwetenskaplike vakke ook vanuit Christelike standpunt beoefen word en boonop is dit in stryd met die idee van ‘n universiteitsinrigting: “eensydigheid beteken per slot van rekening steriliteit en sal dus uiteindelik tot opheffing lei”.

Die PUK se bestaansreg word sterk verdedig: “Die P.U.K. verdien op grond van sy ontstaan en bestaan ‘n volledige erkenning in alle opsigte en behoort gelyke kanse vir sy ontwikkeling te ontvang ... Met alle beskeidenheid wens die Raad daarop te wys dat die P.U.K. vir die hoër geestelike ontwikkeling van ons volk in die Unie net so nodig is as enige ander Universiteitsinrigting.”

Oor fasilitieite en finansiële voorsiening is daar ook voorspraak gemaak. Hopelik het die kommissie nou self gesien dat alle aansoeke in die verlede en tans nog vir geboue en fasiliteite nie uit oorwegings van weelde gedoen is nie en daarom sal ‘n vermindering in die huidige finansiële steun ten seerste betreur word. En hiermee saam gaan ‘n kort en kragtige lessie in finansiële bestuur: “Elke verandering van finansiële politiek maak dit vir enige Regeringsliggaam onmoontlik of ten minste baie moeilik om ‘n vaste gedragslyn in sy finansiële bestuur van sake te volg.” [12]

As parlementêre verteenwoordiger van Potchefstroom is ds Fick versoek om sy invloed by die regering en by kommissielede te gebruik “om te verhinder dat die P.U.K. in enige opsig finansieel of andersinds benadeel word”. [13]

Oor die herkoms van die gewraakte berig kan slegs gespekuleer word, maar dat dit verband hou met die besoek van dr du Toit en mnr van der Merwe ly geen twyfel nie. Die skerp en negatiewe kritiek van dr Du Toit in die uiteindelike verslag, waaroor hy ewe skerp van PUK-kant tereggewys sou word, lê heeltemal in lyn met hierdie skynbaar “geplante” berig in die Johannesburgse dagblad.

In die hieropvolgende maande is by verskeie geleenthede skriftelike besonderhede na die kommissie deurgevoer, soos die plekke van herkoms van studente, bronne van inkomste, uitstaande gelde, bestedings aan salarisse, inskrywings en eksamenuitslae. Ten opsigte van ‘n vraelys oor studentegetalle kon van PUK-kant slegs agt aangetoon word wat onderwys neem, met geen vir rigtings soos Regte, Handel, Medisyne, Engineurswese, Skone Kunste, Musiek en Argitektuur nie. [14]

Terwyl die ondersoekkommissie nog besig was met sy werk, het die minister van Onderwys die breë universiteitswese onaangenaam verras met ‘n aankondiging dat toelaes in die vervolg slegs 5% in plaas van 10% sou beloop. [15] Die PUK-Raad het aanvallend opgetree en aangedring op ‘n verhoging van minstens £860 op die 1927-toelae en wel om reeds uitgespelde verpligtinge ten opsigte van salarisse en rentes te kon nakom. [16] Ook is volle ondersteuning gegee aan die gemeenskaplike universitêre aksie wat

teen hierdie onverwagte finansiële inperking deur die departement op gang gekry is en gekulmineer het in ‘n interuniversitêre konferensie te Johannesburg op 6 Desember 1927.[17]

Tydens hierdie konferensie, wat deur Postma en raadslid P Stoker bygewoon is en waartydens die departement se handelswyse skerp onder skoot gekom het, het die registrateur van Wits, mnr van der Brugge, slegte nuus oorgedra. Uit ‘n onderhoud met sekretaris van Onderwys, dr SFN Gie het hy die indruk gekry “that the Department had made up its mind to reduce grants and that the present proposal would be followed by others which would effect even more drastic reductions...”. Sy advies was om die huidige vermindering liefs te aanvaar en eerder toekomstige ernstiger maatreels te voorkom.[18]

Ook ander universiteite het die effek van hierdie skielike en drastiese inkorting aan hul lywe ervaar. Aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK) het dit “groot konsternasie” veroorsaak en is “weer eens” ‘n deputasie na minister Malan gestuur, dog sonder sukses.[19] Die Universiteit van Witwatersrand het ewe-eens sy stem dik gemaak.[20]

Van PUK-kant het Postma die ernstige implikasies van so ‘n drastiese verandering uitgewys en voorgestel dat die regering eerder ‘n vermindering van 1% per jaar toepas. In die finale resolusie, wat aan die minister oorgedra sou word, is hy dan ook versoek om eerder geleidelike inkortings oor ‘n aantal jare te doen.

Dat die PUK se jarelange ontevredenheid met die departement se finansiële beleid nie uit pas was nie, blyk uit ‘n tweede agendapunt vir die gesprek met die minister: effektiwiteit kan nie deur universiteite verseker of ‘n konstante ontwikkeling gehandhaaf word nie “unless stable conditions are assured in regard to their financial relations with the Government”.[21]

Die deputasie, met Postma in hul geledere, het egter met leë hande teruggekeer: die minister wou niks weet nie en het bloot laat blyk dat die saak dalk in die parlement ter sprake kon kom.[22]

In April 1928 word, in afwagting van die verslag van die Universiteitskommissie, van studentekant gevra, “Wat gaan tog van die P.U.K. word?” Net om deur ‘n nugtere introspeksie gevolg te word, remmende invloede op die PUK se ontwikkeling uit te spel: daar is reeds so baie kolleges in die land; byna die helfte van die studente is Normaliete; die PUK staan vir ‘n beginsel wat baie gehaat is, en dit het invloed op uitbreiding; finansieel wil die regering besnoei, die PUK kan nie nuwe fakulteite kry nie, baie studente studeer eerder elders, en baie studente is van beurse afhanklik.

Teenoor die vraag of dit nie maar ‘n bedekte seën is dat daar nog so min studente is nie, word gestel die noodsaaklikheid van groei en vooruitgang. In laasgenoemde strewe bied die verlede van die inrigting “heerlike lesse”: daar was altyd stryd, maar alles is gedoen met die oog op God gerig.[23]

### 2.4.3 Van der Horst-verslag: “Baie drasties, diep ingrypend”

Dit is te betwyfel of daar, in afwagting van die Van der Horst-verslag, rustig geslaap is in Potchefstroom. Op Maandag 16 Julie is nie net die PUK nie, maar ‘n groot deel van die universiteitswese geskok deur ‘n rapport wat, volgens ‘n verslag in *Die Weste*, oor die algemeen as “baie drasties” beskou is en “sekere aanbevelings van diepingrypende aard” bevat het.[24]

As uitgangspunt vir hul ondersoek het die Van der Horst-kommissie die betekenis van opvoeding in nasionale belang (“the meaning of education as a national end”) besef, as agtergrond vir probleme, verwarring en konflikte waarvan hul voorgangerkommissie (dié van Hofmeyr) melding gemaak het. Die kommissie het egter sonder meer volstaan by wat beskryf word as die uitstekende defenisie van ‘n universiteit deur Lord Bryce, naamlik “a place where the teaching that puts a man abreast of the fullest and most exact knowledge of the time, is given in a range of subjects covering all the great departments of intellectual life”.[25]

In opvoedkundige kringe het dit in die algemeen nie ‘n baie goeie ontvangs gehad nie en wel vanweë die oorheersende klemlegging op finansiële besparingsmaatreëls en ‘n gepaardgaande neiging om belangrike opvoedkundige beginsels en historiese ontwikkelinge nie na behore te verreken nie. Die kommissie se bevindinge dat sekere vakke en fakulteite by sekere inrigtings oorbodig en onnodig was en dat in hierdie opsig gerasionaliseer moes word, het min aanklank gevind. Daar was ook ‘n gevoel dat die kommissie die doel van hoër onderwys in ‘n te enge sin beskou het, as hoofsaaklik kultureel van aard en met uitsluiting van beroeps-, professionele en tegniese opleiding.

Onder opskrifte soos “T.U.C. up in arms / Detrimental to ideals of higher education” het die *Pretoria News* berig dat die Raad van TUK ernstig eksepsie geneem het teen onder andere ‘n aanbeveling dat die universiteit met sy sterk handelsfakulteit (die sterkste van al die universiteite) slegs as “voedingsbron” vir dié van die Universiteit van Witwatersrand moes dien. Ook is bedenkinge uitgespreek oor die haalbaarheid van die kommissie se aanbeveling dat eksterne studente nie vir graadstudies in aanmerking moes kom nie.[26] Die Raad



Spraakverwarring in Ons Hoër Onderwys.

MOET ONS UNIWERSITEITE STAATSKREATURE WEES?

(Hoofartiekels oorgedruk uit „Die Weste".)

MOET ONS UNIWERSITEITE STAATSKREATURE WEES?

PAGE TEN.

T.U.C. UP IN ARMS.

UNIVERSITY COMMISSION'S REPOR

Detrimental to Ideals of Higher Education.

THE PRETORIA NEWS.

THE OUTWARD FORM OF DEGREES

HOW THE UNIVERSITY COMMISSION WAS WORRIED

DURBAN UNDESERVEDLY HIT

By "UNIVERSITAS"

***2.4.4***

***Koerantopskrifte oor verslag.***

van TUK sowel as die dekaan van die Fakulteit Handel en Publieke Administrasie, prof Arndt, het kwaai kapsie gemaak en gevolglik sou die aantygings teen TUK se buitemuurse afdeling later grootliks herroep word. [27] Sakelui in Durban was ook nie baie beïndruk nie met die kommissie se bevinding dat B.Comm.-grade ‘n valse indruk skep omdat dit deur deeltydse studie verwerf word. Aanvaarding van die aanbeveling “would lead to snobbery, since only the rich would be able to qualify for a new degree...” [28]

Die kommissie se sterk uitsprake teen buitemuurse studie, wat ernstige implikasies vir die Universiteit van Suid-Afrika kon inhou, het uit verskeie oorde skerp kritiek uitgelok – onder meer van die kant van TUK sowel as die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika. Die aantygings wat in hierdie verband deur die kommissie gemaak is, sou ook later grotendeels herroep moes word. [29] In ‘n ontleding deur “An Educationalist” in die *Rand Daily Mail* pas na die verskyning van die verslag, word die gedagte dat volle akademiese en intellektuele kwalifikasies die beste bereik word deur binnemuurse studie, as “largely mythical and fetishistic” bestempel. [30]

In ‘n ander, latere evaluering in dieselfde koerant, het ‘n kenner onder die skluilnaam “Universitas” die kommissie beskuldig van “a kind of snobbishness, which is unfortunately only too apparent throughout the report”. Die kommisie is daarvan verdink dat hy voorkeure het vir Stellenbosch en Kaapstad, as potensiële Oxfords en Cambridges in die Suide. Ook is bewyse voorgehou wat onmiskenbaar daarop dui dat die kommissie Stellenbosch ten koste van ander universitêre instellings wou bevoordeel. [31] Die Matie-komponent in die samestelling van die kommissie het nie onopgemerk verby gegaan nie …

Wat die PUK betref, het die kommissie die roede nie gespaar nie. Hoewel nie eksplisiet nie, is wel by implikasie aanbeveel dat dit, saam met die Hugenote Kollege, opgedoek moes word. Kort en kragtig kom die kommissie naamlik tot die slotsom dat leemtes binne die bestaande universiteitsopset toe te skryf is aan die feit dat daar te veel sulke instansies is en dat dié twee inrigtings nie die regeringshulp wat hulle kry, regverdig nie.

Die verslag meld verder dat die PUK “volgens sy konstitusie onder die vaste beheer (is) van die outoriteite van ‘n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 persent van die Europese bevolking van die Unie uitmaak ... In sy wese is dit ‘n inrigting wat vir een van die godsdienstige minderhede van die gemeenskap bedoel is”. Meer nog: “Potchefstroom het geen laboratoriumfasiliteite om van te praat nie; sy biblioteek is erg onvoldoende in baie rigtings; en die kollege word in ‘n reeks van ou sinkgeboue gehuisves.” Weens hul geringe getalle “en die gebrek aan verskeidenheid van doel en uitkyk onder hulle” ontbeer die studente van die PUK en HUK een van die belangrikste voordele van die universitêre lewe, naamlik onderlinge geesteswrywing. [32]

Maar as dit kom by die spreek van die finale woord, oorhandig die kommissie die spreekwoordelike swaard aan die minister: “Ons gee aan die hand dat die Minister waar twyfel bestaan homself moet tevrede stel dat die inrigtings waarlik in staat is om werk van uniwersitêre gehalte in ‘n bepaalde onderwerp te doen, en as hy nie oortuig is dat dit die geval is nie moet hy die toelae aan sulke inrigtings ten opsigte van sulke onderwerpe staak.” [33]

Hierdie aanbeveling is, soos verwag kon word ná die vroeër premature en moontlik “gelekte” berig oor verwagte sluiting van die PUK, deur die *Rand Daily Mail* se eersgenoemde ontleder, “An Educationalist”, verwelkom. Op grond van sy klein studentetal, gebrekkige fasiliteite en groot personeeluitgawes is die PUK as “an entirely artificial institution” en “purely a concession to local self-esteem” bestempel. Sy studente kan maklik by die universiteite van WITS, TUK en die Universiteit van Suid-Afrika inskakel. Die ontleder se oordeel is kras: “The one institution [PUK] was never needed, and the other outlives its usefulness.” Maar, voeg hy effens sarkasties by: “Whether they will go is another question. One knows what a part politics, especially local politics, plays in these things. The Parliamentary candidate at Potchefstroom or Wellington who tackles this thorny subject will have a ‘thin time’ of it.” [34]

In ‘n latere ontleding in dieselfde koerant kom ‘n ander

kenner, “Universitas” tot 'n ander slotsom: “The absence of any adequate recognition of the work of Wellington and the offensive tones of the references to Potchefstroom are deplorable.” Oor die verslag in sy geheel is hierdie kritikus ewe onvleiend: “The neatest criticism that has yet been made of the ... report is that the annexures are excellent. Without going so far as to say that the report itself has no good qualities, one may yet characterise it as a disappointing document, displaying many evidences of inadequate information.”[35]

Die *Potchefstroom Herald*, wat vanweë politieke verskille in hierdie tyd beslis nie pro-PUK was nie, het hom oënskynlik verlekker in die bevindinge en onder meer die *Mail* se kritiek op die PUK aangehaal. Verwysings na “godsdienstige minderheid” en na die PUK as 'n algehele “kunsmatige instelling” sou, volgens die plaaslike blad, ongetwyfeld “heartburning and resentment” tot gevolg hê, en dit lê nou op die weg van die instansie om te toon of die kritiek geregverdig is. Die algemene publiek stem egter saam met die kommissie dat dit in beginsel verkeerd is om staatsgeld te gee vir jongmanne wat as predikante van 'n bepaalde kerk opgelei word.

Die PUK se “animated reply” is wel ook volledig deur die koerant geplaas, maar die woord “animated” is beslis eerder in die betekenis van “vurig” as “besield” gebruik.[36]

In 'n akademiese beredenering, as deel van 'n studie oor hoër onderwys in Suid-Afrika vanaf 1873 tot 1927, lewer FW Metrowich in 1929 in 'n bylae heelwat positiewe kommentaar oor die verslag, met sy “frank and outspoken” aanbevelings. Die skerp veroordeling van die werk van die kommissie in die pers skryf hy toe aan die emosie wat opgewek is by die persone en instansies wat skerp gekritiseer word.

Metrowich onderskryf ten volle die bevinding dat die swakhede in die universiteitsisteem grootliks toe te skryf is aan die feit dat daar te veel sulke instellings is, asook die daaruitvoortspruitende bevindinge en aanbevelinge ten opsigte van die Hugenote Kollege en die Potchefstroomse Universiteitskollege. Indien die aanbevelings aanvaar en geïmplementeer word, sal dit tot gevolg hê “the general all round raising of the level of University education in South Africa”. Sy enigste kritiek is dat die verslag se meriete ook sy swakheid (“demerits”) is: “In other words, its conclusions are so far-sighted, advanced, and enlightened that I am afraid there is very little possibility of their being put into actual practice for many years to come.”[37]

Van die kant van die Potchefstroomse stadsraad is daar egter sterk protes aangeteken teen die verslag en teen die neem van moontlike stappe teen die PUK. Die bestaan van hierdie inrigting sedert 1905 was in belang van Potchefstroom en dit sal in die toekoms nog van groter betekenis wees, sê die stadsvaders, indien dit met toepaslike staatsondersteuning toegelaat word om te ontwikkel.[38]

### 2.4.4 PUK-protes: “Onbillike verdenking”

Hoe is daar van PUK-kant, en van die kant van PUK-ondersteuners, op die aanbevelinge en skimpe van sluiting gereageer?

Terwyl rektor Postma en sy adviseurs 'n indringende ontleding van die verslag gedoen en kritiek en teen-argumente getabuleer het, het die plaaslike koerant *Die Weste* nie net sy nuuskolomme daaraan gewy nie, maar ook drie hoofartikels ter ondersteuning en verdediging van die PUK gepubliseer. Die Raad het ook nie geskroom nie om £20 te betaal vir 'n sogenaamde “reklame-uitgawe” in dieselfde blad, waarvan duisend ekstra eksemplare gedruk is.[39]

In die eerste van drie hoofartikels word die lede van die kommissie bekyk en is die bevinding dat dit baie eensydig was, dat hulle “blind is vir die ware wese van die uniwersiteit as uiting van die verskillende groepe van die volkslewe om die drang na wetenskap te bevredig, en om die verband tussen die dinge te sistematiseer ooreenkomstig die grondbeginsels van die lewens- en wêreldbeskouinge vanuit die groepe waaruit die uniwersiteite hulle ontstaan te danke het”. En, les bes, laat die verslag die deure wyd oop vir willekeurige staatsoorheersing oor die wetenskap, aangesien die staat aan die einde van die dag moet besluit oor sake soos 'n “uniwersiteitsatmosfeer” en 'n “wetenskaplike gees”.

Hopelik sal “hierdie bandelose tierannie van **Staatsoorheersing** oor die wetenskap” nie die goedkeuring wegdra van die geagte minister van Onderwys nie, 'n man wat daarop aanspraak maak dat gewetensvryheid gehandhaaf word. Die staat het geen reg om te verklaar dat daar net een soort wetenskap, naamlik 'n neutrale wetenskap is nie, sê die opsigtelik akademies-georiënteerde hoofartikelskrywer.[40]

In 'n tweede artikel word die bestaansgronde van die PUK verdedig en word gewys op die groei en ontwikkeling en gehalte werk wat gelewer word, “nietenstaande die stiefmoederlike behandeling wat die P.U.K. nog altyd in die verlede moes ondervind”. Syfers ter stawing word aangebied. Dan volg 'n bedekte politieke dreigement: kiesers sal sorg dat hulle parlementslede, en ministers inkluis, manne is wat Christelike inrigtings nie gaan onderdruk nie.

Oor die kommissie se negatiewe verwysing na die 2.6%

van die bevolking vir wie die PUK dan nou daargestel is, word 'n parallel getrek met die Universiteit van Stellenbosch en word pertinent verklaar: “Maar net so min soos Stellenbosch uitsluitend vir die N.G. Kerk bedoel is, net so min is die P.U.K. net vir die Gereformeerde Kerk bedoel … Die P.U.K. is geen kerklike inrigting nie, maar wil beslis Kristelik wees.” En met verwysing na die rol van die “Doppers” in die opbou van die Nasionale Party, word die vraag pertinent gestel, met 'n bedekte dreigement: “Het die Nasionale Party, het die minister van Onderwys hulle nie meer nodig nie?” Daar word gewag op 'n duidelike antwoord van die Minister, wie se “eensydige Uniwersiteits-Boekhouers-Kommissie” gevoelens op loop gejaag het. [41]

Die derde en laaste hoofartikel, op 27 Julie, word gewy aan 'n veroordeling van die kommissie se afwysing van teologie as 'n wetenskap wat aan 'n universiteit beoefen kan word. Volgens die koerant berus hierdie standpunt “op die verkeerde begrip van die staatsfunksies in verband met 'n uniwersiteit wat in die hele rapport gehuldig word”. [42]

Die trant van argumentering in die hoofartikels getuig van deeglike onderlegdheid en kennis van die saak waaroor dit gegaan het. Al sou hy dit dan miskien nie self geskryf het nie, kan Ferdinand Postma se invloed in die bewoording van hierdie verdedigingsgeskrif duidelik bemerk word.

Op 25 Julie het die Raad die verslag ter tafel geneem. Die rektor het enkele mededelinge gedoen en gewys op die “ernstige gevolge” wat die verslag vir die PUK kon hê. Hierna het hy 'n konsepantwoord aan die kommissie voorgelees. Na breedvoerige bespreking is dit, met een teenstem, in beginsel goedgekeur en sou 'n finale antwoord saamgestel en aan lede van die kabinet, die vernaamste nuusblaaie, die plaaslike stadsraad en Kamer van Koophandel gestuur word. Laasgenoemde twee instansies sou per brief gevra word om hul invloed in belang van die instandhouding van die PUK te gebruik.

Daar is ook besluit – weer met een teenstem – dat die volgende resolusie aan die minister gestuur sou word: “Die Raad van die P.U.K. het kennis geneem van die Rapport van die Uniwersiteitskommissie (Julie 1928), protesteer ten sterkste teen die onbillike manier waardeur die P.U.K. deur die Kommissie in verdenking gebring is, sien hom genoodsaak om in die openbare pers op die Rapport te antwoord, en versoek die Ed. Minister van Onderwys beleefd om die goeie reg van die P.U.K. te handhaaf.” [43]

Daardie **een** teenstem wat in die Raad uitgebring is: wie s'n sou dit kon wees? En waarom?

Omstandigheidsgetuienis wil-wil vir raadslid CE de Beer as dissident uitwys. Sommer kort tevore was hy in verskeie “onderonsies” in die raadsaal betrokke: eers oor die wyse waarvolgens dosente bevorder word, toe oor die manier waarop die nuwe registrateur en sy adjunk aangewys is, en uiteindelik ook oor sekere gedeeltes in die amptelike verklaring wat in April 1927 oor die gewetensklousule uitgereik is. Daar was by hom kennelike ontevredenheid oor die wyse waarop dinge aan die PUK gedoen word – sodanig só, dat hy op 'n stadium, soos sy voorgangers in 1924, gedreig het om hom op die minister te beroep.

Dit kan met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat de Beer ook hierdie keer, oor die reaksie op die Van der Horst-verslag, nie oog om oog met sy mede beleidmakers gesien het nie. Dit was egter sy laaste raadsvergadering: hy is kort hierna, op 21 September 1928, oorlede. [44]

Die Raad het sy reaksie en standpunte oor die verslag in 'n lywige amptelike verklaring verwoord. In die dokument, wat 17 gedrukte bladsye beslaan en aan sowel die departement as aan die pers besorg is, is die negatiewe kritiek en bevindinge van die Van der Horst-kommissie skerp onder die vergrootglas geplaas. [45]


Eerstens word die aandag gevestig op die kommissie se opmerking dat daar aan die PUK **'n gebrek aan “onderlinge geesteswrywing”** sou bestaan, waar voorwaardes vir sodanige “geesteswrywing” volgens die kommissie waarskynlik opgesluit lê in getalle en verskeidenheid van “doel en uitkyk”. Hierteenoor word gestel dat aan klein kolleges die kontak tussen studente onderling en tussen studente en personeel veel nouer en hegter is en dat daar geestesaanraking plaasvind wat noodsaaklike voorwaarde vir geesteswrywing is.

Die kommissie het veel gemaak van die **PUK se bande met die Gereformeerde Kerk**, dit bestempel as 'n instelling “volgens sy konstitusie onder die vaste beheer van die outoriteite van 'n godsdienstige rigting wat ongeveer 2.6 pSt. van die Europese bevolking van die Unie uitmaak”. Maar dit is geen nuwe feite nie, sê die PUK – onder dieselfde omstandighede is die inrigting vroeër deur wetgewing geïnkorporeer.

Boonop is die opmerking onwaar: die PUK bestaan nie net vir en word nie beheers deur die enkel-Gereformeerde Kerk nie: “Die embleemspreuk van die P.U.K. 'In U Lig' is dan nie ook net hulle klanke nie. Die Raad konstateer met dankbaarheid dat dit nie alleen die enkel-Gereformeerdes is wat hierdie standpunt huldig nie maar seker 80 persent van die blanke bevolking van die Unie. Uit hierdie gesigspunt is die P.U.K. ongetwyfeld 'n 'nasionale behoefte' ... Die 2.6 persent spook van die kommissie is om al hierdie redes belaglik en heeltemal uit sy plek.”

Wat **biblioteekgeriewe** betref, erken die Raad dat dit baie kan verbeter maar ontken dat dit in 'n staat van wanorde is. Hy wys ook daarop dat studente ruim gebruik maak van die Teologiese Skool se biblioteek, die dorpsbiblioteek en private biblioteke van dosente.

**Laboratoriumgeriewe** aan die PUK het kwaai kritiek van die kommissie ontlok. Weer erken die Raad dat daar ruim plek vir verbetering is, "maar **ontken beslis** dat die uitrusting absoluut ontoereikend en onvoldoende is". Dr PJ du Toit, wat oor die saak rapport uitgebring het, word skerp gekritiseer oor sy bevindinge en opmerkinge oor nie net die apparaat nie, maar ook oor die gehalte werk wat gelewer word. Volgens hom het studente geen deeglike insig in onderwerpe nie, is hulle idees vaag en newelig. Dat die PUK-kandidate vir BSc-eksamens inskryf "en dat sommige van hulle daarin geslaag het om 'n graad te verwerf, skep 'n baie slegte indruk van ons eksamenstelsel", sê die enigsins venynige verslag verder. Teenoor hierdie vae stellings het die PUK konkrete feite op die tafel geplaas, soos die volgende: "In 1927 ... was daar vyf kandidate vir die derde jaar in Fiesika wat hulle hele kursus aan die P.U.K. gevolg het. Die eksamenvraestel word deur 'n **eksterne** eksaminator gestel en die antwoorde op die vrae deur hom ook beoordeel. Die resultate was dat al vyf kandidate slaag, en twee nogal in die **eerste** klas."



*2.4.5*

*Dr PJ du Toit: Het kwaai deurgeloop onder PUK-tonge.*

Dr du Toit is veral voor stok gekry omdat hy skynbaar nie moeite gedoen het met sy ondersoek ter plaatse nie, dat hy byvoorbeeld nie belang gestel het om apparaat wat in kaste was, te bekyk nie. Gevolglik is die Raad van mening "dat die inspeksie vir sulke vernietigende kritiek veels te 'kort' was. In enkele minute kan wel 'n globale indruk verkry word, maar nie 'n ondersoek na besonderhede gedoen word nie". Die inspeksie van die kommissie was om die minste te sê haastig en oppervlakkig, sê die Raad, en as gevolg daarvan is die oordeel "besonder onbillik".

Nadat besonderhede aangaande laboratoriumgeriewe in al die departemente verskaf is, kan die Raad nie anders nie "as om die aanval van die kommissie op die laboratoria as in die hoogste mate onbillik te kwalifiseer".

Wat betref die bevinding oor die sogenaamde **swak geboue van die PUK**, het die Raad die kommissie getroef met die vraag waarom nie ingegaan is op die omvang van steun wat die PUK, wie se ontstaan en bestaan as 'n universitêre inrigting by inkorporasie deur die Volksraad erken is, van die regering ontvang het vir die oprigting van geboue nie. As dit dan wel geblyk het dat die PUK ongelyke behandeling van regeringskant ontvang het, waarom nie eerder by die regering daarop aangedring dat die PUK proporsioneel gelykop met ander universitêre inrigtinge behandel word nie? In plaas daarvan het die kommissie sy bes gedoen "om op die P.U.K. in die oog van die volk van Suid-Afrika soveel moontlik smaad te lê en sy naam so onregverdig te beklad".

In wat moontlik as 'n les vir die kommissie bedoel is, oor hoe daar eintlik te werk gegaan moes gewees het in 'n ondersoek van hierdie aard, gee die Raad vervolgens breedvoerige ontledings van staatsbesteding aan geboue oor die breë spektrum van die universiteitswese. Daarvolgens is van regeringskant aan die PUK 1.13 persent toegeken van wat aan die Universiteit van Suid-Afrika, 0.28 persent van wat aan al vier die universiteite en 0.22 persent van wat aan al die universiteite, kolleges en tegniese kolleges toegeken is. As die regering maar net 2.6 persent van al die leninge aan die PUK toegeken het, moes die PUK minstens £50 000 ontvang het. Nee, meer nog: "Die Raad meen nou dat hy volle reg het, aangesien die kommissie die P.U.K. se ondersteuners tog so hoog as 2.6. persent van die blanke bevolking van die Unie skat, en aangesien die regering die P.U.K. so stiefmoederlik met leninge behandel het, en aangesien die kommissie met sy rapport die P.U.K. in so 'n verdenking by die volk gebring het (wat onmoontlik sou gewees het, as die regering die P.U.K. sy regmatige deel toegeken het), dat hy volle reg het om van die regering te verwag dat hy die P.U.K. binne afsienbare tyd tussen £50 000 en £70 000 sal toeken in leninge." Ook die skerp aanval van

die kommissie op die gehalte van die geboue van die PUK word gevolglik as “in die hoogste mate onbillik” bestempel. [46]

Wat betref **die peil van akademiese werk** aan die PUK, bevind die kommissie dat dit “in alle rigtinge duidelik onder peil van die ander klein kolleges is”. Hierdie “vernietigende oordeel” word deur die PUK-Raad en billikheidshalwe teenoor sy personeel “as ongegrond en **beslis onwaar**” afgewys.

Terwyl die kommissie geen steun vir sy bewering in eksamenuitslae vind nie, neem hulle hul toevlug tot veroordeling van die eksamenstelsel in sy geheel, gee hulle voor dat die stelsel van die Universiteit van Suid-Afrika minderwaardig en onbetroubaar is: “Die Raad van die P.U.K. kan dit nie glo nie, en seker ook nie die Raad van die Uniwersiteit van Suid-Afrika nie. Die Raad vind dat juis die kontrole wat die eksterne eksaminatore oor die interne werk het, ‘n waarborg daarvoor is dat die eksamens streng en op die wetenskaplike peil wat nodig is, gehou word.”

Erkenning van PUK-dosente dat geen navorsingswerk verrig word nie, gee, volgens dr Du Toit, “ ‘n treurige indruk van ‘n inrigting wat voorgee om uniwersiteitswerk te doen”. Maar dis ook so by ander universiteite en wel weens gebrek aan tyd en middele, voer die Raad as teenargument aan. Tog is sy personeel besiel met navorsingsywer en doen hulle soveel moontlik daaraan.

Daar is nog baie vrae aan die kommissie, rakende **studentegetalle**: Waarom net ten opsigte van die PUK die Normaalstudente ook in berekening bring? En waarom hoort teologiese studente nie by ‘n universiteit nie, word teologie nie as wetenskaplike studievak nie maar as ‘n kerklike vak beskou? En hoe kan gesê word dat daar geen groeikrag is nie as die studentegetalle só lyk: **65** in 1922, **116** in 1923, **166** in 1924, **168** in 1925, **198** in 1926, **188** in 1927 en **202** in 1928? Veel eerder is dit ‘n geval “dat die P.U.K. volgens sy konstitusie en volgens sy ideaal van ontwikkeling nie tot lokale of prowinsiale studente beperk is of kan word nie, maar juis uniaal en nasionaal in sy voedingsbodem is”.

Aan die einde van die lang en indringende betoog is die slotsom “dat die kommissie manliker sou gehandel het deur ronduit die regering te adviseer om die P.U.K. te sluit, as om deur **so** ‘n rapport die P.U.K. in **verdenking** en in ‘n slegte reuk by die volk van Suidafrika te bring. Om die P.U.K. op hierdie wyse skade te berokken, kan moeilik as ‘fair play’ beskou word”.

Ter ondersteuning van sy betoog haal die raadsdokument aan uit ‘n hoofartikel wat in *Die Volksblad* van Bloemfontein verskyn het en wat kennelik uit die binnekringe van die PUK geïnspireer is, basies dieselfde argumente gebruik. Dit beklemtoon dat die PUK nie kerkgenootskaplik, nie enkel-Gereformeerd is nie. Die hele minderheidsargument “hoort as sulks nie tuis in aangeleenthede van die gees (soos die uniwersiteitswese) nie. Die goeie reg van ‘n minderheid word nie geraak deur ‘n telling van neuse nie”.

Vir sy instandhouding en voortbestaan het die PUK se ondersteuners langer as ‘n halwe eeu groter offers gebring as enige ander groep. “Dit”, sê die blad, “is voldoende bewys dat die kommissie, wanneer hy die ondergang van die inrigting wil voorberei, in teenstryd geraak het met sy eie onmiddellik voorafgaande kriterium: Voorsien ‘n inrigting in nasionale behoeftes waarvoor nie reeds voorsiening gemaak is nie?”

### 2.4.5 Studentereaksie: “Ons is wakker geskud”


*Die Besembos*, wat in 1927 as mondstuk van die PUK-studente die lig gesien het, het ook van tyd tot tyd die studente se houdings en gevoelens jeens die omstrede kommissieverslag weerspieël. So byvoorbeeld het ‘n redaksionele artikel die kommissie aangevat oor die kritiek dat ‘n universiteitsgees by die kleiner inrigtinge afwesig is en die vraag gestel “of dit nie juis in ‘n kleiner inrigting is, waar die regte studentegees en onderlinge aanraking is nie”. Die kommissierapport hou ook nie rekening met organiese groei nie en kan ook nie aan ‘n inrigting se bestaansreg twyfel net omdat dit op die oomblik klein is nie. [47]

Daar is ook met akklamasie getuig van die nuwe gees wat na die verskyning van die verslag vaardig was, soos blyk uit ‘n “skitterende optog” op 25 Augustus, die vorming van ‘n sterk dameskomitee en die reël van ‘n verkoping ten bate van PUK-fondse, en die rondreise van prof Postma om die PUK se saak te stel: “Ons wens hom sukses toe op sy werk. Die P.U.K. mag nie ophou om te bestaan nie.” [48]

In sy jaaroorsig oor werksaamhede van die SVR het voorsitter WF Venter ook aan die omstrede verslag aandag gegee: “Die uitwerking hiervan op ons was heilsaam ... dit het die oog van die buitewêreld op ons gevestig soos nog nooit tevore nie. Ons self is wakker geskud en aangespoor tot nuwe aksie. Die skrywery in die publieke pers het ons ten goede gedy, en nou bestaan daar alle hoop dat ons eersdaags in beter geboue gehuisves sal word.” [49]

Vyf-en-veertig jaar later herinner Venter nog hierdie regeringskommissie as “seker die gewigtigste gebeurtenis” van destyds: “Wat ‘n stryd het ons Rektor, prof. F. Postma, nie in daardie dae gevoer nie! En sy personeel saam met hom! Hoe het ons nie saam








*2.4.6*

***In Augustus 1928 het die PUK-studente met 'n massa-optog deur die strate van Potchefstroom die publiek se aandag gevestig op die goeie gees wat daar bine die studentegemeenskap heers.***

met hulle gevoel, en hulle in ons gedagtes en gebede gedra nie! Dit was vir ons of die Rektor krommer geloop het. Maar, hy het geseëvier! Sy uitdaging aan die kommissie was: gee ons, die 2.7%, net 'n billike kans!” [50]



***2.4.7***

***Minister Tielman Roos. “ … hy weet dat besonder goeie werk op Potchefstroom in die verlede gedaan was”.***

## 2.4.6 “Voorwaarts waar ons in gevaar is!”

Die PUK-teenveldtog teen die negatiewe bevindinge en aanbevelinge van die Van der Horst-kommissie het wyd geloop. Eksemplare van die Raad se uitvoerige standpunte is ook gestuur aan die Universiteit van Suid-Afrika, die Transvaalse Onderwysersvereniging en aan oud-personeellid Pastor Helmuth Kohl, wat as korrespondent [51] ten nouste betrokke was by die veldtog teen die gewetensklousule.

Al die kabinetslede, insluitende premier Hertzog, het ook eerstehands kennis gekry van die PUK se ongelukkigheid met die manier van doen van die regeringskommissie terwyl nie minder nie as 14 koerante landswyd en plaaslik versoek is om dekking te gee aan die saak: *Die Afrikaner* (Natal), *Die Burger*, *Cape Times*, *Rand Daily Mail*, *The Friend*, *Natal Witness*, *Ons Land*, *Ons Vaderland*, *Potchefstroom Herald*, *The Star*, *Die Volksblad*, *Die Volkstem*, *Die Weste* en *Die Westelike Stem*.

Van feitlik al die ministers is ontvangserkennings geliasseer, [52] opmerklike uitsonderinge synde WB Madeley (Pos- en Telegraafwese en Publieke Werke) en FPH Cresswell (Verdediging en Arbied).

Minister van Justisie Tielman Roos se sekretaris het laat weet: “Mnr. Roos sal baie noukeurig deur u antwoord op die Universiteitsrapport gaan, daar hy weet dat besonder goeie werk op Potchefstroom in die verlede gedaan was.” [53] Premier Hertzog “het nota geneem van die inhoud van die rapport en wens u daarvoor sy dank te betuig”. [54] Onderwysminister DF Malan het, in kenmerkende nie-kompromiterende taal, bedank vir die brief “met 'n beskouing ... oor die rapport van die Universiteitskommissie”, met dan die geykte mededeling “dat gemelde memorandum die Minister se ernstige aandag geniet”. [55]

Groot PUK-vriend PGW Grobler het weer eens sy gewig ten volle ingegooi en rapporteer op 4 Oktober dat hy die saak met dr Malan bespreek het, in teenwoordigheid van Hertzog. Malan is van voorneme om 'n memorandum oor die uitvoering van die kommissie se verslag in die kabinet te laat sirkuleer. “Ek het hom duidelik laat verstaan”, skryf Grobler aan Postma, “wat die gevolge sal wees as daar iets gedaan word tot nadeel van die P.U.K.” [56]

Vroeg in September reeds het genl Kemp, minister van Landbou, tydens 'n politieke vergadering op Potchefstroom, gesê dat Potchefstroom rustig kan slaap, die PUK sal nie sluit nie. In vraetyd het Kemp, in antwoord op 'n direkte vraag van prof Ferdinand Postma, verklaar dat hy persoonlik gekant is teen die verslag en dat hy die kwessie van finansiële steun deur die staat sorgvuldig sal oordink. [57]

Bo en behalwe al hierdie aktiwiteite om die negatiewe indrukke van die kommissieverslag hok te slaan, is daar ook gebid. In 'n huldigingsrede by die graf van sy broer Dirk, op 13 November 1943, het Ferdinand Postma in herinnering geroep hoedat Dirk geen moeite ontsien het nie om die belange van die Teologiese Skool en die PUK te bevorder. Hy (Dirk) was vir baie jare lank kurator en op daardie stadium ook voorsitter van die kuratorium.

Prof Postma vertel verder: “Besonder treffend en hartversterkend was sy optrede toe daar groot gevaar was dat die P.U.K. van owerheidsweë gesluit sou word. As Voorsitter van die Kuratore het hy hom onmiddellik in verbinding gestel met die Eerste Minister en die Minister van Onderwys en met klem sy argument betoog dat so 'n 'wandaad' nie mog geskied nie.” [58]

In sy brief aan Malan, waarvan die konsep behoue gebly het [59], het Dirk versoek dat die “onbillike” aanbeveling in die verslag nie uitgevoer word nie omdat dit die “verkwyning” en moontlik algehele ondergang kon teweegbring van 'n inrigting vir hoër onderwys wat reeds in 1869 opgerig is en “wat deur Gods genade soveel gedoen het in die Geestelike welvaart vir 'n groot deel van ons volk”.

Ferdinand Postma onthou verder dat Dirk, wat in 1904 saam met hom as professor in die destydse Literariese Departement ingehuldig is en vir 'n kort tydjie in die hoedanigheid gedien het, hom hierna laat kom het: “Hy het besef dat daar 'n groot stryd aangebind moet word. As gelowige was hy diep oortuig dat die werk van ons vaders nie vernietig mag word nie.” Hierop het die twee broers saam gekniel en het Dirk, as die oudste, toe “uit die diepte van sy hart gesmeek en gebid vir ons inrigtings”. By broer Ferdi was daar geen twyfel nie: “Daardie gelowige gebed is verhoor. Die gevaar is afgewend.” [60]

Rektor Ferdi Postma se relaas van sy broer Dirk se destydse optrede strook met laasgenoemde se openbare reaksie, soos verwoord in ‘n oproep onder die opskrif “Opsaal burgers!”, in *Die Kerkblad*. Dit wat nou met die PUK aan ‘t gebeur is, knoop hy vas aan die oproep van sy kommandant destyds met die Anglo-Boereoorlog: “Opsaal, burgers! Opsaal!”

“Dan”, skryf Postma verder, “klop ons harte van angs, want ons getal is klein en die vyand is sterk. Inderhaas, voor ons vertrek, vergader ons eers in ‘n kring rondom ons Kommandant en ‘n kort gebed word gedoen. Ons vra God om sy hulp en beskerming. Nou is ons moedig ... Hou moed, burgers! Hou moed! So roep die veldkornette ons manskappe toe. En ons stry en ons ly, maar God help ons.”

Postma pas dit dan toe op die huidige situasie: “Ons P.U.K. wat so onmisbaar is vir ons Teologiese Skool en vir ons Geref. Kerk is in gevaar ... Ons kan nie die toestand van sake eenvoudig maar laat ontwikkel nie. Ons moet biddend, raadplegend en handelend optree.” [61]

**Biddend, raadplegend en handelend: drie woorde wat die reaksie in PUK-geledere op die verslag van die Van der Horst-kommissie treffend saamvat.**

Ook teologiese professor JA du Plessis, wat die inrigting se stryd om bestaan en erkenning reeds sedert die begin van die twintigste eeu te Burgersdorp meegemaak het, het die verslag in dieselfde lig beskou: “Met die P.U.K. word bedreig die Teologiese Skool, omdat die dood van die P.U.K. sal beteken die totale isolasie van ons Teologiese Skool van die wetenskaplike wêreld. Die rapport behels onses insiens die laaste aanslag op die lewe van ‘n inrigting wat al lank bedreig is. Al lank! En aan hierdie terging moet nou ‘n end kom.” Du Plessis sien dit ook as “ ‘n indirekte en onbewuste bedreiging van Christelike Hoër Onderwys”, wat ‘n volk- sowel as kerksaak was. [62]

Die briewekolomme van *Die Kerkblad* getuig oorvloediglik van die entoesiastiese steun wat in wye kerkverband aan die PUK toegesê is. Van der Vyver verwoord dit só: “Onder slagspreuke soos: ‘Ons is klaar opgesaal’, ‘Biddend en wakend voorwaarts’, ‘Bymekaar staan’, het die ondersteuners uit die boesem van die Gereformeerde Kerkverband maar net laat verstaan dat wie hierdie kosbare kleinnood, die P.U.K., aanraak, met ‘n onwrikbare verset te doen sal kry.” Die simboliek van die besembos, waarvan PUK-digter Totius se treffend gedig het: “My doodkry is min!”, is in ‘n brief in *Die Kerkblad* deur ‘n ondersteuner op die PUK van toepassing gemaak. [63].



***2.4.8***

***Ds Dirk Postma : “Opsaal, burgers!”***

Te midde van die ophef en woelinge rondom die verskyning van die verslag, neem ds PGJ Meiring, die redakteur van die NG Kerk se mondstuk *Die Kerkbode*, die openingsplegtigheid van die PUK aan die begin van die tweede semester waar. Hy betuig sy solidariteit met die Christelike strewe van die inrigting en sou dit jammer vind as dit moet verdwyn. Hy voeg egter by dat die goeie soms uit die kwade gebore word. By dieselfde geleentheid het Postma ‘n positiewe houding ingeneem en die kommissieverslag bestempel as “die beste middel om die P.U.K. **bekend** te stel en hom vergoed te red uit die benarde toestand. ‘n Ander taal sal verneem word en die taal sal altyd sterker word”. [64] Hieropvolgende verwikkelinge sou inderdaad toon dat goed uit kwaad gebore is, dat die “ander taal” as dié van die omstrede kommissie inderdaad altyd sterker sou word.

Die onsimpatieke en ongunstige opmerkings en bevindings van die Van der Horst-kommissie het aanvanklik ‘n negatiewe impuls deurgegee, vir sover dit die PUK se voortdurende stryd om te bestaan en voort te bestaan betref. Die man in die middel van hierdie nuwe bedreiging was rektor Ferdinand Postma.

Dat een en almal in PUK-verband dit besef het, blyk uit die eenparige en spontane wyse waarop Postma deur Raad en Senaat in ‘n posisie gestel is om feitlik al sy aandag en energie aan die bevordering van die beeld van die PUK en gepaardgaande fondsinsameling te bestee. [65]

Met die boodskap “Voorwaarts waar ons in gevaar is”, wat hy aandui as die beproefde weg van die protestants Christelike kerke, van Christelike ouers en van die oprigters van die Teologiese Skool en die PUK en ontleen is aan Eksodus 14 vs 15 (toe die volk Israel in ‘n skynbare doodloopstraat beland het met die oprukkende Farao agter en die Skelfsee voor hulle), het Postma tot aksie oorgegaan, handelend begin optree. [66] Hy was ongetwyfeld tevrede dat daar wel aan die voorafgaande vereiste van biddende en raadplegende optrede, soos deur broer Dirk voorgehou, voldoen is. Die “generaal” self is afgevaardig om met bekwame spoed sy ondersteunerskorps landswyd te besoek en die wekroep uit te dra: “Opsaal, burgers!” [67]

Vanaf die begin van Augustus 1928 het rektor Postma inderdaad as rondreisende ambassadeur van die PUK ver paaie gereis en in die proses “byna bomenslike kraginspanning en entoesiasme” aan die dag gelê, “geen opoffering te groot geag nie”. [68] Talle dorpe en stede in Transvaal, die Vrystaat en Noord- en Oos-Kaap is besoek, waar hy geesdriftige ondersteuners toegespreek en van eerstehandse inligting oor die PUK voorsien het. Veral was daar groot belangstelling vir sy saakstelling teenoor die negatiewe persepsies wat deur die Van der Horst-verslag geskep is. En telkens het die ondersteuning gekulmineer in die stigting van ‘n PUK-komitee, waarvan die vernaamste doel was om geld in te samel vir die oprigting van waardige geboue op die kampus. Resolusies en besluite ter onderskraging van die PUK se saak was tydens hierdie byeenkomste aan die orde van die dag. [69]

Op 14 Augustus stuur Postma sy fondsinsamelings-veldtog van stapel, in Bloemfontein. Hy het reeds £800 ontvang, ‘n dame van Stellenbosch het £500 gegee en van die personeel is reeds £150 ontvang, met ‘n belofte van nog £750. [70] Tydens ‘n openbare byeenkoms in die Gereformeerde Kerk van Bloemfontein, dieselfde aand, het Postma die PUK sterk verdedig teen “die brandmerk van minderwaardigheid” wat deur die kommissie op die PUK geplaas is. Hy het ook, soos telkens orals waar hy opgetree het, die foute en ongerymdhede in die verslag blootgelê en onbeskaamd verklaar dat die PUK die enigste inrigting vir hoër onderwys was wat openlik die Christelike basis aanvaar.

Die moderator van die Vrystaatse NG Kerk, ds PJJ Boshoff, het sy hoed vir die PUK afgehaal “vir die manlike wyse waarop hy sy Kristelike gevoelens getoon het” en daaraan toegevoeg dat hy jaloers word op Potchefstroom “want dit lyk of al die goeie dinge daarvan kom”. Ds Boshoff is tydens die byeenkoms ook gekies as lid van die plaaslike Waaksaamheidskomitee, wat op voorstel van ds CWM du Toit beslag gekry het “om mense in te lig omtrent die gees en strekking aan die P.U.K., wat staan vir Christelike wetenskap”. [71]

As gekwalifiseerde predikant wat wel nie beroepbaar was nie maar preekverlof gehad het, het Postma op sy reise Sondae kansels van gemeentes bestyg en met teksverse en al lanse gebreek vir sy inrigting wat op Christelike grondslag gefundeer was en die wetenskap in die lig van Gods Woord trag te beoefen. Vanweë die dringendheid van die saak van fondsinsameling het Postma dit duidelik gestel dat hy onmoontlik alle plekke sou kon besoek en het hy deur middel van die pers ondersteuners aangemoedig om solank op eie houtjie te begin organiseer. [72]

Die PUK-Raad se aggressiewe reaksie op die verslag was ‘n simptoom van die vasberadenheid en dryfkrag wat die PUK-leiers nou aan die dag sou lê. Eerder as om op hierdie stadium weg te skram, het die PUK hom daadkragtig tot die regering gewend en inderdaad byna astrant en uitdagend ‘n teenaanval geloods: op 17 Oktober 1928 is naamlik ‘n “ernstige versoek” gerig vir finansiële hulp ten bedrae van nie minder nie as £60 000: £17 000 vir ‘n hoofgebou, £13 000 vir laboratoria, £14 000 vir uitrusting, £5 000 vir losieshuise en £11 000 vir skulddelging. In die aansoek is weer die aandag gevestig op die uitbly van steun in die verlede, terwyl ander instansies ruim voorsien is.

Om dit vir die regering maklik te maak, word verskeie opsies aan die hand gedoen wat sal verseker dat die geld verkry word want om langer met die tydelike geboue aan te gaan is “in die hoogste mate nadelig vir die gesonde ontwikkeling van die inrigting”. [73]

Die brief is opgevolg met samesprekings met die minister teen die einde van Oktober. Van die kant van die burgemeester, wat nie die deputasie kon vergesel nie, is ondersteuning aanbeveel sodat geboue opgerig kon word “waarop Potchefstroom, Westelike Transvaal en geheel Suidafrika trots sal kan wees”. [74]

Op 10 Desember 1928 gee die sekretaris van Onderwys kennis dat £30 000 op die leningsbegroting vir 1929/30 geplaas sal word en dat die res tot die volgende boekjaar sou oorstaan. Bevestiging dat die lening toegestaan is, is eers op 4 September gegee, waarop reëlings getref is vir die verskaffing van ‘n verband op PUK-eiendom. [75]

‘n Interessante verwikkeling in die strydsage tussen die PUK en die departement is toe assistent-registrateur S du Toit in Junie 1929 met die voormalige registrateur, ds WJ de Klerk, skakel omdat die gevoel is “dat ons nou so ‘n bietjie miskien die punte kan aanroer by die Regering insake ons toelae wat ons nie regverdiglik ontvang het voor 1924 nie ... die bedrag wat ons eigenlik moes toegekom het die tyd met die inkorporasie”. Du Toit was optimisties dat die regering sou insien welke onreg die PUK aangedoen is “en ons die agterstallige uitbetaal”. [76]

Maar in September, pas nadat formaliteite vir die vasknoop van die lening van £30 000 op gang gekry is, word die departement genader vir ‘n verdere £6 200, vir oprigting van ‘n losieshuis. Die bestaande ou sinkgebou, “waarvan die toestand van so ‘n aard is dat studente nie meer met fatsoen daar in kan woon nie”, staan bowendien op die plek waar die hoofgebou opgerig gaan word. Soos so dikwels in die verlede, word ‘n noodmaatreël aan die hand gedoen: om die bestaande Kuratorelening van £6 200, wat uit die toegestane £30 000 afgelos staan te word, te kontinueer. [77]

Vroeg in November 1929 [78] word die planne vir







***2.4.9***

***POSTMA AS RONDREISENDE AMBASSADEUR VAN DIE PUK. Vanaf die begin van Augustus 1928 het rektor Postma inderdaad as “rondreisende ambassadeur” van die PUK ver paaie gereis. En só sou dit bly tot aan die einde van sy lewe. Maar steeds sou hy ook gesinsman bly, is daar later van hom getuig. Dié gesinsfoto is in 1923 geneem.***

die voorgestelde geboue (hoofgebou, manskoshuis en huisvaderwoning-cum-dameshostel) aan die departement deurgegee. Volgehoue navrae oor die £6 200- lening het tot irritasie by die departement gelei en daar is gevolglik versoek dat die PUK hom moes weerhou van verdere navrae. Enkele dae later laat weet dr Malan dat hy nie die aansoek kan oorweeg voordat die regering se totale leningsprogram voor die kabinet dien nie - en dit sou eers teen Mei/Junie 1930 geskied. [79]

Dan nou maar weer terug na die ou, betroubare bron, die kuratore: Wat van 'n lening van £5 000, om in die dringende behoefte van 'n nuwe losieshuis te voorsien? Of dalk net £3 000? [80] Soos gewoonlik was die kuratore se hand oop en kon hulle die tussentydse finansiering voorsien. [81]

Middel-Desember voer Postma samesprekings met die departement in Pretoria oor "sake van die P.U.K." en vind hy die respons oor die algemeen baie positief. Onder andere is die kanse goed dat die aangevraagde losieshuislening van £6 500 na £10 200 (die tenderbedrag) verhoog sou word. 'n Formele aansoek vir die verhoging is hierop deurgestuur, met die gerusstelling dat steeds binne die aanvanklik aangevraagde bedrag van £60 000 gebly sou word. [82]

Teen Junie 1930 kon die lening by die kuratore terugbetaal word want die aansoek om £10 200 by die regering was suksesvol. [83] Teen hierdie tyd was dit reeds 'n miernes van bedrywighede rondom die kolossale nuwe hoofgebou wat tussen die sinkgeboue staan gemaak is. 'n Entjie daarvandaan het bouaannemers Oosthuizen en Sterrenberg ook gestalte begin gee aan 'n dameskoshuis, en kort daarna is ook 'n begin gemaak om die gesloopte sinklosieshuis met die naam "Ons Huis" met 'n statige permanente struktuur te vervang.

**En dit alles, binne twee jaar nadat die Van der Horst-kommissie onder andere vanweë die swak behuisingstoestande, die PUK as 't ware afgeskryf het!**

### 2.4.7 Universiteit van Suid-Afrika: eie ondersoek

Van die kant van die Universiteit van Suid-Afrika, as moederliggaam, was daar ook onderskraging en ondersteuning vir die stiefmoederlike behandeling wat die PUK (en Hugenote Kollege) van die kommissie ontvang het – hoewel, heeltemal begryplik, geensins so emosioneel en intens as uit PUK-geledere self nie.

Met 'n kwalik bedekte verwyt wys die Raad van die federale universiteit daarop dat, hoewel hy nie geraadpleeg is by die insluiting van die twee instellinge by die federale opset nie, die verdediging van hul posisie binne die universiteitsopset by die onderskeie inrigtings self berus. Met hul toetrede tot die federale opset het hierdie twee instansies immers besef "that, once admitted, their right to remain in the system would not be questioned so long as they satisfied the University Senate as to the character of their academic work".

Maar dit is juis hier waar die kommissieverslag die geloofwaardigheid van die moederliggaam in die gedrang bring, meer spesifiek met die opmerking van dr PJ du Toit dat dit vir dié universiteit nodig is om sy huis in orde te kry omdat, ten spyte van hul bevinding dat laboratoriumfasiliteite aan verskeie instellings onvoldoende is, kandidate in daardie vakke tog die eksamens geslaag het.


Weens die insinuasie van beweerde onvoldoende fasiliteite by meer as die genoemde twee inrigtings, het die Raad van die Universiteit van Suid-Afrika sy Senaat opdrag gegee om hierdie saak te ondersoek. Dit word egter beklemtoon dat die Senaat tydens sittings by vyf van die ses konstituerende kolleges geleentheid gehad het om ter plaatse inspeksies te doen en dat geen besware ooit ingebring is nie. Dit gaan nie oor 'n gegewe minimumfasiliteite nie, maar oor voldoende fasiliteite om 'n posisie as universiteitsinstelling te handhaaf. Net so min as wat die Universiteite van Stellenbosch en Kaapstad met kul eweknieë te Londen en Cambridge vergelyk kan word, net so min die kleiner kolleges met die twee Kaaplandse instellings. [84]

Inspeksiebesoeke aan die PUK deur lede van hierdie kommissie het maar steeds 'n droewige prentjie geskep, hoewel daar darem ligpunte en nie summiere veroordelings was nie, soos in die geval van die Van der Horst-verslag. [85]

Prof RW Varder van Rhodes het die Fisika-ondersoek uitgevoer en die tweevertrek gebou van hout en staal as totaal en in elke opsig ontoereikend ("entirely unsuitable in every respect") geklassifiseer. Billikheidshalwe noem hy dat die Universiteitsraad ten volle bewus is van die tekortkominge en van voorneme is om in die nabye toekoms permanente laboratoriums op te rig. Met die apparaat in die gebou en die aanwending daarvan was hy meer tevrede en het hy prof van Wageningen lof toegeswaai vir die standaard wat hy bereik het in 'n gebou so ongeskik vir praktiese kursusse ("in a building so unsuited to practical work").

Die Chemie-ondersoek (deur prof FJ Tromp van TUK) het ook 'n oorwegend negatiewe verslag ontlok: te min personeel, ondoeltreffende en ondoelmatige apparaat en uiters beperkte huisvesting. Wat navorsing aanbetref, is die PUK vanweë die genoemde beperkende faktore prakties lamgelê. Maar dit is uitgewys dat die





*2.4.10*

*Proff JW Bews en TF Dreyer … hulle verslae was optimisties, soos 'n "verfrissende briesie".*

meeste van hierdie negatiewe aspekte ook by ander inrigtings aanwesig is: "If the majority of colleges have to fulfill their obligations in respect of research work considerable conditions will have to be made to staff, accomodation, equipment and literature."

Ten opsigte van Dierkunde (prof TF Dreyer, Grey Universiteitskollege) was die bevinding maar weer dat akkommodasie totaal onvoldoende is. Uitkoms in die vorm van 'n beplande nuwe gebou is darem in die pyplyn.

Prof JW Bews (Natal) se rapport oor Plantkunde was soos 'n verfrissende briesie, vergeleke met al die ander negatiwiteit: "I was agreeably surprised (in view of the Universities Commission Report) to find that the equipment is not only adequate, but compares quite favourably with other University Colleges in South Africa." Nadat Bews vervolgens meer besonderhede verskaf het, deel hy 'n pluimpie uit: "I think Miss Radloff and the authorities of the Potchefstroom University College are to be congratulated on the progress already made in the botanical department."

In sy samevattende verslag het prof Dreyer, as dekaan van die moederinrigting se Fakulteit Wetenskap, kommer uitgespreek oor die uiters swak toestande waaronder sommige kolleges moes funksioneer. Potchefstroom het 'n ekstensiewe bouprogram voorhande en dit kan baie probleme oplos, maar die PUK sal steeds onderbeman wees, met onvoldoende apparaat en biblioteekfasiliteite. Maar hy was tog optimisties: "In an institution which shows signs of vigorous life and growth as does the Potchefstroom University College, the University may well overlook certain criticisms, even if they be fairly severe, in the hope and belief that changing conditions will enable the College authorities to overcome their difficulties within a comparatively short period."

Voorwaar tog opbouende kritiek, ná die ongelukkige episode met Van der Horst en sy span!

## 2.4.8 Naspel: "Nuwe daeraad"

Wat die impak van die PUK-reaksie op die Departement van Onderwys en sy minister was, kon ongelukkig nie met 'n rekenaar-ondersoek in die amptelike argief van die departement blootgelê word nie. Dr Malan se private versameling bevat ook geen data hieroor nie. Dat die wye vlaag van kritiek egter nie ongemerk verby gegaan het nie, blyk daaruit dat die minister 'n interuniversitêre konferensie in Januarie 1929 belê het, ter oorweging van die kommissieverslag. Hy het gehoop "dat die besprekings en bevindings van die voorgestelde Konferensie van groot hulp vir hom en sy kollegas sal wees om tot besluite te kom in verband

met belangrike punte in die rapport ... en om in verband met Uniwersitêre Onderwys vir die Unie 'n duidelike gedragslyn neer te lê wat van gesonde grondbeginsels sal uitgaan en waarby finansiële oorwegings en onderwysbelange van die Unie as 'n geheel behoorlik in aanmerking sal geneem word". [86]

Tydens hierdie konferensie, wat vanaf 16 tot 21 Januarie in Kaapstad gehou en deur altesaam 29 afgevaardigdes van universiteite en kolleges bygewoon is, is daar eenstemmigheid bereik oor die funksies en ontwikkeling van kleiner universiteitsinstellings: "They should not be debarred from doing work which they can adequately undertake, and, since they are all situated in centres where there are teachers' training schools doing post-matriculation work, their future should lie mainly in the direction of closer co-operation with these schools in the training of teachers leading ultimately to the absorption of the latter institutions in them." [87]

Die konferensie het ook die kommissie se sieninge oor die wese van die universiteitslewe en sy rol en funksie in die algemeen onderskryf, naamlik: "University study should imply a reasonable minimum as regards facilities for wide reading and scientific practice and should also connote living in a true university athmosphere created by a sufficiently large and diversified number of students and subjects. It should further be characterized by the scientific spirit, and the element and possibility of research should not be lacking in it."

Wat betref die PUK in besonder, het die konferensie gevoel dat studente vir BA en MA-grade opgelei kon word terwyl dit ook, in samewerking met Normaal, die opleiding van onderwysers moes behartig en dat die twee inrigtings uiteindelik behoort te amalgameer. Verder kon die PUK ook die BSc-kursus aanbied "if the College can satisfy the Minister of Education that it is properly equipped for the requirements".

Baie opmerklik in die verslag is die herhaalde klemlegging op die noodsaaklikheid dat universiteite die opleiding van onderwysers moes behartig en dat onderwyskolleges uiteindelik by hulle moes amalgameer. Hierdie aanbeveling sou eers meer as 70 jaar later werklikheid word! Die gevoel van die konferensie was ook dat geen verdere sentra vir ná-matriek opleiding gestig sal word nie terwyl die ontwikkeling van veral die kleiner maar ook die groter universiteite baie van die steun van plaaslike instansies en ondersteuners sou afhang.

Op pad terug Potchefstroom toe het PUK-afgevaardigde Ferdinand Postma heelwat gehad om oor na te dink, met baie stof tot dankbaarheid om aan sy kollegas in die Raad en Senaat oor te dra. [88]

Die verslag van die Van der Horst-kommissie, wat soos die spreekwoordelike swaard van Damokles oor die hoof van die PUK gehang het, was op die ou einde tog 'n bedekte seën. Nie alleen het dit 'n buitengewone geleentheid gebied om die saak van die benadeelde in die openbare kollig te plaas nie, maar die openbaarmaking van die omstandighede waaronder die inrigting in die voorafgaande jare moes stoei om 'n plek in die interuniversitêre gemeenskap, het tot groter simpatie en begrip by beleidmakers sowel as die breë publiek gelei. En het dit die ondersteunerskorps beïnvloed en geïnspireer om op te saal en die stryd om voortbestaan met hernude ywer voort te sit.

Die belangrikste van alles: Damokles se swaard is in sy skede teruggedwing. Vir die PUK het 'n nuwe daeraad aangebreek, ná nog 'n nag van smaad …

Die stof oor die omstrede verslag het skaars gaan lê, toe heers daar groot opgewondenheid en optimisme op die PUK-kampus, want dinge was aan die gebeur. Die sierlike hoofgebou was besig om sigbare gestalte aan te neem en 'n verbeeldingryke bouprogram is deur die raad goedgekeur. Dit was kompleet asof daar van staatsweë, en dalk ook van minister Malan se kant, meer toegeneëndheid te bespeur was.